Kort Verslag VGKSA Klassis Suid
Saterdag 17 Maart in die VGK Kaapstad

Opening deur die sameroepende kerk van Kaapstad
Namens Kaapstad open ds. E. Viljoen om 9:15 die verrigtinge met die lees van 2 Korintiërs 4:1-15 en ’n oordenking n.a.v. die Skrifgedeelte. Hy gaan voor in die gebed en laat sing Ps. 91:1,2.
In die besonder verwelkom hy ds. C. Kleijn van Johannesburg wat die eerste keer aanwesig is op die klassis. Johannesburg word gelukgewens met die beroep wat aangeneem is.

Ondersoek van en verslag oor geloofsbriewe deur sameroepende kerk
Namens Kaapstad het die Klassis skriba die geloofsbriewe ondersoek en in orde bevind. Die kerke is wettig verteenwoordig deur:
Bethal: ds. P. Nel en oudl. P. Schoeman
Johannesburg: ds. C. Kleijn en oudl. H. Snijder
Kaapstad: ds. E. Viljoen en oudl. A. Roos

Konstituering van die Klassis en verkiesing van die moderamen
Ds. E. Viljoen is die voorsitter, br. A.W. Herder die skriba en ds. C. Kleijn die ondervoorsitter.

Instemming met die belydenis deur afgevaardigdes en adviseurs
Die afgevaardigdes en adviseur stem in met die belydenis van die kerke deur op te staan.

Verwelkoming van adviseurs en waarnemers
Die voorsitter verwelkom ds. C.F. Nicholson wat as adviseur dien. Hy verwelkom ook die ouderlinge wat as waarnemers die verrigtinge bywoon, naamlik F. Avontuur en L. Titus, van die sendingsgemeente van Belhar en B. Van Dalen, ouderling van Kaapstad. Ds. H. Hefer van Brakpan het verskoning gevra.

Vasstelling van die agenda
Die agenda, soos versprei, word aanvaar.

Vasstelling van die notule
Die notule van die klassis van 15 September 2006 is vasgestel deur die moderamen en gestuur na die kerke. Geen veranderings word voorgestel nie. Geen sake uit die notule vra bespreking nie.

Korrespondensie
Briewe het uitgegaan na:
- Deputate en afgevaardigdes wat die klassis aangewys het op die September klassis
- Ds. R.M. Retief met gelukwense vir die beroep wat hy gekry het na Kelmscott in Australië as ook met die geboorte in sy gesin
- Klassis Noord i.s. die besluit oor waggeld reëling wat klassis Suid in September 2006 aangeneem het
- Ds. H. Hefer en sy gemeente in Brakpan met uitnodiging vir bywoning van die klassis

Briewe wat ingekom het:
- Klassis Noord met die vraag wat die aanleiding was tot die vasstel van riglyne vir

waggeld. Waggeld word betaal vir die predikante wat (tydelik) nie ’n eie gemeente het nie. Hierdie waggeld periode dien beperk te wees. Ook die klein finansiële draagkrag van die kerkverband word genoem. Ds. Nel wys daarop dat die riglyne ook moet geld vir sendelinge van wie hulle mandaat voltooi het, maar bestaande afsprake moet gehonoreer word. Ds. Kleijn wys op die nasionale belang van die riglyne om te verhoed dat verskille ontstaan tussen klassisse. Voorgestel word die riglyne as voorstel na die Sinode te stuur met as motivering die nasionale belang en die verhoed van verskillende riglyne tussen klassisse. Aan die riglyne sal dan toegevoeg word dat dié ook geld vir nuwe sendelinge, van wie hulle mandaat voltooi het. Die vergadering aanvaar dit.

- Brief van Sinodale Kwestor i.s. die eise wat afgevaardigdes na die klassis indien
  Die kwestor vra na die moontlikheid vir koördinasie van aankoop van vliegkaartjies om administrasie te beperk. Die vergadering stem saam en sal probeer dit te honoreer, waar enigsins moontlik.

Voorstelle en instruksies

- Approbasie beroep ds. C. Kleijn deur Johannesburg
  Hierdie saak is skriftelik afgehandel in November 2006. Ds. Kleijn is 21 Januarie 2007 bevestig as die predikant van Johannesburg.
- Voorstel instelling klassis kas deur Johannesburg
  Die prinsipe word genoem dat die opdraggewer, die klassis, fondse beskikbaar het vir die uitvoer van die opdrag wat hulle aan deputate gee. Daar word genoem dat die sinodale kwestor in die praktyk net vliegkaartjies vergoed en geen ander koste nie. Klassis Noord het vir hierdie rede ’n tesourier benoem wat die koste vergoed wat nie deur die kwestor vergoed word nie. Voorgestel word om die klassis skriba ook as tesourier te benoem. Voorlopig word ’n kas ingestel groot R2000. Om rede dat Bethal hulpbehoewende status het, word die koste van die kas proporsioneel gedeel tussen Johannesburg en Kaapstad.
- Voorstel voorgaan besoekende predikante deur Kaapstad
  Kaapstad stel voor dat die predikante wat die klassis vergaderinge besoek of visitasie hou, voor sal gaan in die ontvangende kerk op die Sondae aansluitende hulle besoek. Die klassis beveel dit so aan. Tewens beveel die klassis aan dat op gereelde tye predikante kan ruil vir die bevordering van die kerkverband.
- Versoek van Bethal vir eksamen volgens art. 9 van die kerkorde van J.H. De Jager
  J.H. de Jager, tans te Potchefstroom, was predikant in die Gereformeerde Kerk van Suid Afrika van 1988 tot 1992. Genoem word dat Bethal vir hom gevra het hom aan te sluit by een van die kerke. Tot nou toe het hy geen van die dienste besoek nie. Besluit word die saak terug te verwys na Bethal.

Ondertekening van die belydenis deur predikante volgens art. 53 van die kerkorde

Die skriba sal vir die volgende vergadering ’n ondertekenings formulier klaar hê. Al die predikante in die klassis sal gevra word op die volgende klassis die formulier te teken.

Preekbespreking

Kaapstad het ’n preek oor 1 Kronieke 25 inhandig vir bespreking. Die ondervoorsitter het die bespreking gelei. Gewys word op die mooi verbinding wat gelê is tussen die musiek, sang en die kerk, die verbinding tussen die musiek en altaar en die strydende en singende kerk. Verder word gewys op die belang van prediking uit onbekendere Bybelboeke. Ook word gewys op die belang van lees van ander Skrifgedeeltes as uit hierdie tipe Bybelboeke gepreek word. Dit lyk die aanspraak is onvoldoende, maar die afgevaardigdes verstaan die

voorgelegde preek is net ’n skets waarvan gepreek is. Genoem word dat die predikant in die preek ’n verbinding moet maak met die gemeente. Dis nie net interessant om te weet wat die Leviete gedoen het in vroeër dae nie, maar hoe ons dit vandag verstaan vir die gemeente. Dis nie net ’n verhaal nie maar bediening van die heil vir jou in die gemeente.

Beswaarskrifte
Geen beswaarskrifte het ingekom nie.

Versoeke vir dag van verootmoediging
Pretoria-Maranata versoek vir ’n dag van verootmoediging i.v.m. droogte. Gevra word waarvoor ons moet bid. Reën nou is te laat vir die oes, maar sal belangrik wees vir die herstel van die watervlakke vir later jare. Vir weidings sal dit wel belangrik wees. Ook vir die stede is dit belangrik om reën te hê, omdat daar op plekke al beperkings ingestel is. Die klassis besluit die versoek toe te staan in die sin dat die kerke gevra sal word om Sondag 18 Maart 2007 besondere aandag daaraan te gee in die gebede in die erediens. Die kerk van Kaapstad sal dit met die kerke in die verband kommunikeer.

Verslae van benoemde deputate
- Kategese materiaal
  Gevra word of standaardisasie van kategese materiaal haalbaar is. Genoem word dat die oorspronklike doel was, vas te stel wat beskikbaar is en watter tekortkomings daar is. Veral die ontbreek van materiaal vir kerkgeskiedenis van Suid Afrika is genoem. Genoem word dat die kerkgeskiedenis al behandel word op die gereformeerde hoërskole en dat AROS besig is materiaal te skep. Genoem word dat dit steeds ’n taak bly van die kategeet om die leer van kerkgeskiedenis deel te laat word van die geloofslewe. Besluit word deputate te benoem om spesifiek te kyk na die skep van materiaal vir kerkgeskiedenis.
- Van die verslae van deputate vir die kontrole van die argief, die kerk wat dag van verootmoediging uitroep en die deputaat skriba neem die klassis met dank kennis.
- Kerk vir kontak met Brakpan
  Huidiglik is daar min beweging in die kontakte tussen Brakpan en die kerke in die klassis. Die klassis besluit die opdrag van kontak met Brakpan en ds. Hefer te kontinueer.
- Klassis reglement en visitasie reëls
  Die klassis besluit:
  1. Die verkiesing van ’n ondervoorsitter nie meer te hou nie, maar om aansluitende die reëling in Klassis Noord eenvoudig die predikant aan te wys wat predikant is van die volgende roepende kerk.
  2. Die klassisreëling soos voorgestel te aanvaar as die reëling vir Klassis Suid.
  3. Dat die reëling wat aanvaar is, deur nuwe deputate taalkundig word versorg.
  4. Die visitasiereëling soos voorgestel, voorlopig te aanvaar as die visitasiereëling vir Klassis Suid, dat deputate die eventuele kommentaar uit die kerke verwerk en voorstel as wysigings op die reëling by die klassis, en dat deputate die reëling taalkundig versorg.
  5. Dat deputate ’n reëling maak vir die klassis eksamens en dat as uitgangspunt die “*beroepbaarstellend onderzoek (BSO)*” van klassis Middelburg (Nederland) gebruik word. Deputate word gevra die BSO te kontekstualiseer vir die Suid Afrikaanse kerklike situasie.

Benoeminge

- Kategese materiaal
  Di. C.F. Nicholson (Sameroeper), J.A. Breytenbach en E. Viljoen, almal van Kaapstad
- Visitatore volgens artikel 44 van die kerkorde
  Di. C. Kleijn (koördineerder), P. Nel en E. Viljoen
  Sekundi: Oudl'e H. Snijder (Johannesburg), N. Du Preez (Bethal) en J.F. Raimond (Kaapstad)
- Argiefbewarende kerk
  Johannesburg
- Kontrole van die argief en klassis kas
  Sr. M.A. Bijker (sameroeper) en Br. D.A. Byker, albei van Johannesburg
- Kerk wat dag van verootmoediging voorstel
  Kaapstad
- Kerk vir kontak met Brakpan
  Bethal
- Deputaat Skriba en tesourier
  Br. A.W. Herder van Johannesburg
- Deputate reglement en visitasie reëls
  Br. A.W. Herder (sameroeper) en oudl. H. Snijder, albei van Johannesburg

Rondvraag n.a.v. artikel 41 kerkorde

By hierdie rondvraag vra die voorsitter of die kerke advies in enige saak rakende hul kerke soek. Geen van die kerke maak hiervan gebruik nie.

Persoonlike rondvraag

Dank word uitgespreek vir die goeie sfeer tydens die vergadering asook vir die goeie leiding by die visitasie en die klassis vergadering. Gevra word na die rol van die waarnemers en adviseurs op klassis vergaderings. Gevra word om met sensitiwiteit om te gaan met verwysings na ras en kultuur.

Aanwys van sameroepende kerk en vasstelling van tyd en plek van die volgende Klassis

Johannesburg op Vrydag 14 September 2007. Saterdag 15 September 2007 word die ampsdraerskonferensie gehou by Pretoria-Maranata.

Vasstelling van die notule en kortverslag

Die kortverslag en notule word gedoen deur die skriba.

Sensuur volgens artikel 48 KO

Verskoning is aangebied waar moontlike kwetsbare benoemings onbedoeld gebruik is. Verder word hier geen gebruik van gemaak nie.

Sluiting

Die ondervoorsitter sluit af met dankgebed om 14:30 uur.